Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Besigheidstrategie- en Belanghebbendebestuur

Verwysing: 20190114-247
Lêernommer: 12/14/2/1
Navrae: W Conrad

Omsendbrief: 0003/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Spesiale Leerderonderrig en Prinsipale

Kort opsomming: *Bekendstelling van die Transformeer om te Presteer (T2P)-strategie wat vanaf 2019 by skole geïmplementeer sal word.*

Onderwerp: Bekendstelling van die Transformeer om te Presteer (T2P)-strategie (Transform to Perform)

1. Die Instituut vir Geregtigheid en Versoening het verklaar dat "daar 'n toenemende probleem met die gebrek aan dissipline en respek in die onderwys regoor die wêreld plaasvind". (*Teaching Respect for All Policy Brief*, November 2015, bladsy 8).

2. 'n Studie wat in 2000 deur die Universiteit van Witwatersrand uitgevoer is, het bevind dat die hoofoorsaak van konflik tussen onderwysers, leerders en ouers weens meningsverskille ontstaan.

3. Om die kwessie onder loep te neem, stel die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) met genoeë die Transformeer om te Presteer (T2P)-strategie (Transform to Perform) bekend wat vanaf 2019 by skole geïmplementeer sal word.

4. Die T2P-strategie is spesifiek daarop gemik om 'n waardegedrewe organisasie te bevorder om 'n positiewe invloed op die motiveringsvlakke en ingesteldheid van amptenare, onderwysers en leerders binne die WKOD te bevorder. Die verskuiwing in motivering en ingesteldheid behoort tot verbeterde prestasie te lei.

5. Die T2P-strategiese raamwerk sluit vier pilare in, naamlik, Leierskapontwikkeling, Waardes in Onderwys, Ingesteldheidsverandering en Ingesteldheid vir Groei.

6. **Die Leierskap- en Ontwikkelingspilaar:** Die implementeringsplan kan een-tot-een-afrigting-/mentorskap- (persoonlike bemeestering) -sessies etos-leierskap en 'n bekendstelling aan verskillende ingesteldhede insluit. Dit is gerig op alle vlakke van leierskap, beide korporatief en akademies, in skole, distrikskantore en Hoofkantoor.

7. **Die Waardes in Onderwyspilaar:** Die implementeringsplan sluit aktiwiteite in wat daarop gemik is om die houdings en waardes wat die optrede en gedrag van individue beïnvloed, te ondersoek. Dit is daarop gemik om die organisasie positief te beïnvloed en 'n kopskuif te maak om 'n waardesgedrewe organisasie te word wat sy waardes op alle vlakke van die organisasie uitleef, veral in skole, en om uiteindelik skoolgemeenskappe en die groter samelewing te beïnvloed.

8. **Die Ingesteldheidsveranderingspilaar (Change Mindset):** Dit is daarop gemik om die ingesteldheid van skoolgebaseerde personeel positief te beïnvloed om hulle vir verandering voor te berei. Hierdie kopskuif is daarop gemik om hulle aan te moedig om met 'n gewillige ingestelheid te eksperimenteer, te leer om op innoverende maniere en ingestelheid te dink, en werk binne die voortdurende druk van hul daaglikse werklikheid toe te pas.

9. **Die Ingesteldheid vir Groei-pilaar (vir leerders) (Growth Mindset):** 'n Ingesteldheid vir groei is 'n benadering wat geleenthede bied en vooruitgang en probleemoplossing bevorder. Hierdie proses is daarop gemik om 'n ingesteldheid vir groei te ontwikkel en 'n positiewe invloed op leerderprestasie te hê. Die implementering is daarop gemik om met graad 4- tot 7 en graad 8- tot 9 te begin, met die oog daarop om hierdie area in die volgende twee tot vyf jaar uit te brei.

10. Die teikendatum vir die implementering van die T2P-strategie is **01 April 2019**. Ongeveer 150 skole sal in 2019 gekies word en hierdie getal sal jaarliks toeneem tot dit by alle skole geïmplementeer is.

11. Kontakbesonderhede vir **Transform to Perform (T2P)-distrikskampioene**:

Distrik	Naam en van	Tel. Nr.	E-pos
Metro-Noord	Bridget Goosen	021 938 3068	bridget.goosen@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Enver Hassen	021 514 6700	enver.hassen@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Rodney Theys	021 703 3198	Rodney.Theys@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Keith de Wet	021 900 7036	Keith.DeWet@westerncape.gov.za
Weskus	Rosseau Mercuur	021 860 1207	rosseau.mercuur@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Johann Burger	021 887 0222	johann.burger@westerncape.gov.za
Overberg	Kobus Mike	028 2147368	kobus.mike@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Bennie Bothma	023 415 2070	bennie.bothma@westerncape.gov.za

12. Kontakbesonderhede vir die **Transform to Perform (T2P)-projekspan by Hoofkantoor**:

T2P-projekspan	Naam en van	Tel. Nr.	E-pos
Program-bestuurder	Joyce West	021 467 2633	joyce.west@westerncape.gov.za
Program-koördineerder	Enver Sherry	021 467 2635	enver.sherry@westerncape.gov.za
Navorsing	Noma Makapela	021 467 2641	nomawabo.makapela@westerncape.gov.za
Projekbestuurder: Waardes in Onderwys	Gavin de Bruyn	021 900 5062	gavin.debruyn@westerncape.gov.za
Projekbestuurder: Leierskaps-ontwikkeling	Matthys Cronje	021 467 2479	matthys.cronje@westerncape.gov.za
Projekbestuurder: Ingesteldheids-verandering	Joyce West	021 467 2633	joyce.west@westerncape.gov.za
Projekbestuurder: Ingesteldheid vir Groei	Marycke Cupido	021 467 2633/ 35	marycke.cupido@westerncape.gov.za

13. Elke skool word versoek om 'n **Transform to Perform (T2P)-kampioen** en **Veranderingsspan** te identifiseer, wat die effektiewe implementering van die T2P-strategie sal bestuur. Dit moet beklemtoon word dat kampioene verbind en daartoe in staat moet wees om die bykomende werk binne die verpligte tydsbestek te bestuur. Die T2P-veranderingsspan behoort uit ses lede te bestaan: 'n lid van die beheerliggaam, 'n lid van die nie-onderrigondersteuningspersoneel, die prinsipaal, 'n lid van die skoolbestuurspan (SBS), 'n onderwyser (twee onderwysers by laerskole), en 'n lid van die verteenwoordigende raad van leerders (VRL's) (slegs hoërskole).

14. **Transform to Perform (T2P)-kampioene by skole** sal verantwoordelik wees vir die volgende:
    a) Bestuur van die T2P-strategie en die implementering daarvan op skoolvlak.
    b) Uitvoering van 'n koppelvlakfunksie tussen skole, T2P-distrikskampioene, die T2P-projekspan en -diensverskaffers.
    c) Versameling en kommunikasie van inligting tussen die skool, T2P-distrikskampioene en die T2P-projekspan.
    d) Ondersteuning aan T2P-distrikskampioene met die implementering van T2P-projekte, d.w.s. logistiek, bywoningregisters, opnames, ens.
    e) Monitering en rapportering aan T2P-distrikskampioene en die T2P-projekbestuurder, in ooreenstemming met die T2P-moniterings- en rapporteringsplan.
    f) Bystand met ad hoc-versoeke vir dringende ondersteuning en bystand van die T2P-projekspan.

15. Voltooi asseblief die aangehegte Memorandum van Ooreenkoms (MvO), skandeer en e-pos/faks dit teen **Maandag, 18 Februarie 2019** aan mnr E Sherry by enver.sherry@westerncape.gov.za of 086 602 3669.

16. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle onderrig- en nie-onderrigpersoneel, VRL's en beheerliggame.

17. Die voorgesette ondersteuning, soos die WKOD strewe na sy visie van **gehalte onderrig vir elke leerder in elke klaskamer in elke skool in die provinsie**, sal waardeer word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-02-04



Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Besigheidstrategie- en Belanghebbendebestuur

Verwysing: T2P-kampioene se MvO
Navrae: W Conrad

TRANSFORMEER OM TE PRESTEER (T2P)-STRATEGIE

Memorandum van Ooreenkoms (MvO): Transformeer om te Presteer-kampioen

SKOOL SE NAAM: .....

SKOOL SE OBIS-NOMMER: .....

Ek, ... (prinsipaal se naam), stem saam en ondersteun die aanstelling as die skool se T2P-veranderingskampioen om die rolle en verantwoordelikhede, soos hieronder gelys, vir die duur van die T2P-strategie uit te voer.

T2P-VERANDERINGSSPAN:

Posbenaming	Naam en van	Persalnr.	Tel. Nr.	Sel. Nr.	E-pos
T2P-kampioen					
Lid van beheerliggaam					
Lid van nie-onderrig-ondersteunings-personeel					
Prinsipaal					
Lid van die SBS					
Onderwyser					
Lid van die VRL (hoërskole)/onderwyser (laerskole)					

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2031 Faks: +27 21 467 2346
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

T2P-kampioene by skole sal verantwoordelik wees vir die volgende:

1. Bestuur van die T2P-strategie en die implementering daarvan op skoolvlak.
2. Uitvoering van 'n koppelvlakfunksie tussen skole, T2P-distrikskampioene, die T2P-projekspan en -diensverskaffers.
3. Versameling en kommunikasie van inligting tussen die skool, T2P-distrikskampioene en die T2P-projekspan.
4. Ondersteuning aan T2P-distrikskampioene met die implementering van T2P-projekte, d.w.s. logistiek, bywoningregisters, opnames, ens.
5. Monitering en rapportering aan T2P-distrikskampioene en die T2P-projekbestuurder, in ooreenstemming met die T2P-moniterings- en rapporteringsplan.
6. Bystand met ad hoc-versoeke vir dringende ondersteuning en bystand van die T2P-projekspan.

Onderteken te ……..... (plek), op die …… (dag) van ……..……..…. (maand) ……..... (jaar).

..... **.....**

HANDTEKENING VAN SKOOL SE T2P-KAMPIOEN **DATUM**

..... **.....**

HANDTEKENING VAN PRINSIPAAL **DATUM**

SKOOLSTEMPEL: